



God is in haar midde

My hart is gerus, o God, my
hart is gerus...
(Psalm 57:8, OV).



24-7 GEBED VIR HERLEWING IN DIE LAND 1-7 AUGUSTUS 2022

MAANDAG: 1 AUGUSTUS 2022

VEILIGHEID VAN ONGEBORE EN BABA DOGTERS

U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. (Psalm 139:13-14a).

Kom ons bid

Bid vir vroue wat onder druk geplaas word om hul swangerskap te beëindig as gevolg van die geslag van hul ongebore kind. Vra vir God se beskerming oor beide die ma en haar kind.

Bid dat moeders God in gebed sal aanroep en hul toekoms aan Hom sal toevertrou; dat geloof in hulle harte sal groei en hul vertroue in God standvastig sal wees.

Bid dat dogtertjies wat lewend gebore word, die liefde van hul hemelse Vader van kleins af ervaar.

DINSDAG: 2 AUGUSTUS 2022

KINDERHUWELIKE

Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees. (Jesaja 1:17).

Kom ons bid

Vra vir God om Sy deernis aan die menigte dogters en vroue te openbaar wat die skadelike fisiese en emosionele effekte van kinderhuwelike verduur. Vra die Heilige Gees om 'n ander uitweg aan ouers te openbaar en hul harte te verander wie dit oorweeg om hul dogters as huweliksmaats aan te bied vir die doel van sosiale status of finansiële gewin.

WOENSDAG: 3 AUGUSTUS 2022

JONG VROUE

Luister, dogter, luister goed: neem afskeid van u volk en u familie, want u skoonheid bekoor die koning. U behoort aan hom, u moet hom eer. (Psalm 45:11-12).

Kom ons bid

Roep God aan namens jong vroue wat jy ken. Bid dat hulle 'n honger sal hê na God se Woord en 'n begeerte om dag en nag daaroor te mediteer. Vra die Here om Sy vriendelikheid en geduld aan die jeug te openbaar; sodat hulle hulle lewens werklik aan Hom kan toevertrou (Romeine 2:4). Bid vir jong vroue om onberispelik voor God te wandel en Hom toe te laat om hulle te heilig deur die werking van die Heilige Gees. Bid dat God se wysheid hul sal lei om wyse besluite te neem oor hul toekoms – loopbane, lewensmaats, finansiële verpligtinge, ens.

DONDERDAG: 4 AUGUSTUS 2022

LEEF VOORBEELDIG

Vrouens, julle moet aan julle mans onderdanig wees. As daar van julle is met mans wat nie die woord van God glo nie, en die mans sien hoe godvresend julle is en hoe voorbeeldig julle julle gedra, sal hulle vir Christus gewen kan word deur die gedrag van hulle vrouens. Dit sal nie eens vir julle nodig wees om 'n woord te sê nie. (1 Petrus 3:1).

Kom ons bid

Bid dat soekers na die Waarheid wat slegs in Christus ons Here gevind word, die leiding van die Heilige Gees sal volg en hulle lewens geheel en al aan Hom sal toevertrou. Vra die Here om hulle te ontmoet wanneer hulle bid en dat hulle geloof in Hom gevestig sal wees. Bid dat die vrug van die Gees in hulle lewens sigbaar sal wees en vir ander lede van hulle huishoudings om ook na die Verlosser, Jesus Christus, te smag.

Bid dat vroue, wie die enigste Christen is in hul huishoudings, die Here sal herinner aan die belofte: "*Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.*" (Handelinge 16:31).

VRYDAG: 5 AUGUSTUS 2022

DEEL DIE EVANGELIE

Die vrou het toe haar waterkruik net daar laat staan en na die dorp toe gegaan en vir die mense gesê: "Kom kyk, hier is 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie?" Die mense het toe uit die dorp uit na Jesus toe begin kom. Baie van die Samaritane in daardie dorp het tot geloof in Jesus gekom op grond van die woorde van die vrou wat getuig het: "Hy het my alles vertel wat ek gedoen het." (Johannes 4:28-30, 39).

Kom ons bid

Loof ons hemelse Vader vir elke vrou wie se lewe deur Sy Seun, Jesus Christus, verander is. Vra die Here om jou vandag bewus te maak van geleenthede om die evangelie met ander te deel.

Bid vir vrouesendelinge wat in multikulturele areas werk. Vra die Here om hulle te help om die hindernis van vrees of vooroordeel te oorkom terwyl hulle in liefde en diensbaarheid uitreik. Bid vir voorsiening, beskerming teen siektes en vir die Here om 'n weg te maak waar hulle onmoontlike situasies in die gesig staar.

SATERDAG: 6 AUGUSTUS 2022

MOEDERS

Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is. (2 Timoteus 1:5).

Kom ons bid

Bid dat moeders en versorgers voorbeelde van geloof vir hul kinders sal wees. Mag die opregte geloof in moeders hul kinders inspireer en aanmoedig om die aangesig van God te soek en Hom te volg.

Bid vir moeders wat neerslagtig is weens gebroke gesinsverhoudings. Vra dat hulle hul harte vir God sal oopmaak om 'n magtige werk in hul midde te doen. *Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou...* (Hebreërs 10:23). Bid dat hulle na God sal draai vir hoop en genade.

Bid volgens Numeri 6:24-26 vir oumas, moeders en vroue wat kinders versorg soos hulle eie, *"Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!"*

SONDAG: 7 AUGUSTUS 2022

VROU IN MOEILIKE OMSTANDIGHED

Sy omgord haar lendene met krag en hou haar arms stewig. (Spreek 31:17, OV).

Kom ons bid

Prys God, ons magtige Verlosser dat geen onreg vir Hom verborge is nie. Hy hoor die geroep van die verdruktes en die behoeftiges. Roep ons hemelse Vader aan om geregtigheid te laat geskied aan elke meisie en vrou wat ongelykheid ly as gevolg van hul geslag.

Vra vir Sy bonatuurlike voorsiening aan vroue wat deur armoede geteister word. Bid vir vroue wie se lewens in gevaar is. Vra die Here om hulle van die bose te verlos en dat hulle by die Allerhoogste beskerming sal vind.

Bid vir vroue wat pyn verduur het as gevolg van siekte. Soos die vrou met bloedvloeiing wat na Jesus uitgereik het, bid dat hulle voortdurend hul hande na Hom sal uitsteek in geloof. Bid vir vroue wat jy ken wat 'n stryd voer teen siekte of besig is om te herstel; om hulleself in die Here te versterk en Hom aan Sy beloftes te herinner.
